- (b) may not apply for a driving licence, professional driving permit or operator card, motor vehicle licence disc, operator card or any other permit, card or licence disc issued in terms of road traffic legislation or transport legislation during the disqualification period.”;
- (d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection: 5
 “(4) [**Any**] In the event that a person, operator or a juristic person who is not an operator, [**who**] fails to comply with the provisions of subsection (3)(a) or [**who**] drives or operates a motor vehicle during his or her disqualification period, his or her licence, permit, card or licence issued in terms of any road traffic legislation or transport legislation is suspended for a further period of one year for every subsequent driving or operation and such person is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or imprisonment for a period not exceeding one year or both a fine and such imprisonment.”; and 10
- (e) by the substitution for subsection (5) of the following subsection: 15
 “(5) Upon expiry of [**his or her**] the disqualification period, a person referred to in subsection (3) may apply in the prescribed manner to the relevant issuing authority [**to**] for the return of [his or her driving licence card or professional driving permit or to reissue an operator card] the document referred to in subsection (3)(a).” 20

Amendment of section 29 of Act 46 of 1998

15. Section 29 is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

- “(a) prescribe infringements and offences [, and categorise them into minor **infringements, major infringements and other offences**];” 25

Insertion of CHAPTER IVA in Act 46 of 1998

16. The following Chapter is hereby inserted in the principal Act after Chapter IV:

“CHAPTER IVA

APPEALS TRIBUNAL

Establishment and constitution of Tribunal 30

29A. (1) The Appeals Tribunal is hereby established.

(2) The Tribunal—

- (a) has jurisdiction throughout the Republic; 35
 (b) is a juristic person;
 (c) is a tribunal of record; and
 (d) must exercise its functions in accordance with this Act or any other applicable legislation.

(3) The Tribunal consists of a Chairperson and eight other persons appointed by the President, on a part-time basis, and on the recommendation of the Minister, from among those persons nominated by the Minister in response to a public call for nominations as prescribed. 40

(4) The President must—

- (a) appoint the Chairperson and other members of the Tribunal no later than the date on which this Act comes into operation; and 45
 (b) appoint a person to fill any vacancy which may occur on the Tribunal.

(5) To be eligible for appointment or designation as a member of the Tribunal, and to continue to hold that office, a person must—

- (a) not be subject to any disqualification set out in subsection (6); and 50
 (b) have submitted to the Minister a written declaration stating that the person—

- (b) mag gedurende die diskwalifiseringstydperk nie aansoek doen om 'n bestuurslisensie, professionele bestuurspermit of operateurskaart, motorvoertuiglisensieskyfie, of enige ander permit, kaart of lisensieskyfie uitgereik ingevolge padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing nie.”; 5
- (d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) **[Enige]** Indien 'n persoon, operateur of 'n regspersoon wat nie 'n operateur is nie, **[wat]** gedurende sy of haar diskwalifiseringstydperk versuim om aan die beginsels van subartikel (3)(a) te voldoen of 'n motorvoertuig bestuur of gebruik, **[is]** word sy of haar lisensie, permit, kaart of lisensie ingevolge enige padverkeerswetgewing of vervoerwetgewing uitgereik, vir 'n verdere tydperk van een jaar vir elke daaropvolgende bestuur of gebruik opgeskort en sodanige persoon is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.”; en 10 15
- (e) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(5) By verstryking van **[sy of haar]** die diskwalifiseringstydperk, mag 'n persoon bedoel in subartikel (3), op die voorgeskrewe wyse aansoek doen by die **tersaaklike** uitreikingsgesag om **[sy of haar bestuurslisensie of professionele bestuurspermit terug te handing of om die heruitreiking van die operateurskaart]** die dokument in subartikel (3)(a) bedoel, terug te gee.”. 20

Wysiging van artikel 29 van Wet 46 van 1998

15. Artikel 29 word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te 25
 vervang:
 “(a) oortredings en misdrywe voorskryf [, en hulle in kleiner oortredings, groter oortredings en ander misdrywe kategoriseer];”.

Invoeging van HOOFSTUK IVA in Wet 46 van 1998

16. Die volgende hoofstuk word hierby na Hoofstuk IV in die Hoofwet ingevoeg: 30

“HOOFSTUK IVA

APPÈLTRIBUNAAL

Instelling en samestelling van Tribunaal

- 29A.** (1) Die Appèltribunaal word hierby ingestel. 35
- (2) Die Tribunaal—
- (a) het regdeur die Republiek jurisdiksie;
- (b) is 'n regspersoon;
- (c) is 'n notulerende tribunaal; en
- (d) moet sy werksaamhede ooreenkomstig hierdie Wet of enige ander toepaslike wetgewing verrig. 40
- (3) Die Tribunaal bestaan uit 'n Voorsitter en agt ander persone deur die President aangestel, op 'n deelydse grondslag, en op die aanbeveling van die Minister, uit die geledere van diegene deur die Minister benoem in reaksie op 'n publieke oproep vir benoemings soos voorgeskryf. 45
- (4) Die President moet— 45
- (a) die Voorsitter en ander lede van die Tribunaal nie later nie as die datum waarop hierdie Wet in werking tree, aanstel; en
- (b) 'n persoon aanstel om enige vakature wat op die Tribunaal kan ontstaan, te vul.
- (5) Om as 'n lid van die Tribunaal aanstelbaar of aanwysbaar te wees, en om daardie amp te behou, moet 'n persoon— 50
- (a) nie aan 'n onbevoegdheid in subartikel (6) uiteengesit, onderhewig wees nie; en
- (b) 'n skriftelike verklaring aan die Minister voorgelê het wat stel dat die persoon— 55

- (i) is not disqualified in terms of subsection (6); and
(ii) does not have any interests referred to in subsection (6)(a).
- (6) A person may not be a member of the Tribunal if that person—
- (a) personally or through a spouse, partner or associate—
- (i) has or acquires a direct or indirect financial interest in a transport-related company or entity; or
(ii) has or acquires an interest in a business or enterprise, which may conflict or interfere with the proper performance of his or her duties as a member of the Tribunal;
- (b) is an unrehabilitated insolvent or he or she becomes insolvent and the insolvency results in the sequestration of that person's estate;
- (c) has ever been, or is, removed from an office of trust on account of a guilty finding in respect of a complaint of misconduct related to fraud or the misappropriation of money;
- (d) is subject to an order of a competent court holding that person to be mentally unfit or mentally disordered;
- (e) within the previous 10 years has been, or is, convicted in the Republic or elsewhere of theft, fraud, forgery or uttering a forged document, perjury, an offence under the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), an offence under the Financial Intelligence Centre Act, 2001 (Act No. 38 of 2001), or an offence involving dishonesty; or
- (f) has been convicted of any other offence committed after the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, took effect, and sentenced to imprisonment without an option of a fine.
- (7) For the purpose of subsection (6)(a), a financial interest does not include an indirect interest held in any fund or investment if the person contemplated in that subsection has no control over the investment decisions of that fund or investment.
- (8) A member of the Tribunal must promptly inform the Minister in writing after acquiring an interest that is, or is likely to become, an interest contemplated in subsection (6)(a).
- (9) A member of the Tribunal must not—
- (a) engage in any activity that may undermine the integrity of the Tribunal;
- (b) attend, participate in or influence the proceedings of the Tribunal, if, in relation to the matter before the Tribunal, that member has an interest—
- (i) contemplated in subsection (6)(a); or
(ii) that precludes that member from performing the functions of a member of the Tribunal in a fair, unbiased and proper manner;
- (c) make private use of, or profit from, any confidential information obtained as a result of performing that person's functions as a member of the Tribunal; or
- (d) divulge any information referred to in paragraph (c) to any third party, except as required as part of that person's official functions as a member of the Tribunal.
- (10) If, at any time, it appears to a member of the Tribunal that a matter being considered by the Tribunal during proceedings concerns an interest of that member referred to in subsection (9)(b), that member must—
- (a) immediately and fully disclose the nature of that interest to the members present; and
- (b) withdraw from the proceedings to allow the remaining members to discuss the matter and determine whether the member should be prohibited from participating in any further proceedings concerning that matter.

- (i) nie ingevolge subartikel (6) onbevoeg is nie; en
(ii) geen belange in subartikel 6(a) bedoel, het nie.
- (6) Iemand mag nie 'n lid van die Tribunaal wees nie indien daardie persoon—
- (a) persoonlik of deur 'n gade, vennoot of medewerker— 5
(i) 'n direkte of indirekte finansiële belang in 'n vervoerverwante maatskappy of entiteit het of verkry; of
(ii) 'n belang in 'n besigheid of onderneming het of verkry, wat in stryd kan wees met of kan inmeng met die behoorlike verrigting van sy of haar pligte as 'n lid van die Tribunaal; 10
- (b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of insolvent word en die insolvensie die sekwestrasie van daardie persoon se bedoel tot gevolg het;
- (c) ooit uit 'n vertrouensamp verwyder is of word weens 'n skuldigbevinding ten opsigte van 'n aanklag van wangedrag wat met bedrog of die wanaanwending van geld verband hou; 15
- (d) aan 'n bevel van 'n bevoegde hof onderhewig is ingevolge waarvan daardie persoon verstandelik onbevoeg of verstandelik versteur verklaar is;
- (e) binne die voorafgaande 10 jaar in die Republiek of elders skuldig bevind is of word aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), 'n misdryf kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001), of 'n misdryf wat oneerlikheid behels; of 20
- (f) aan enige ander misdryf skuldig bevind is wat gepleeg is nadat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, in werking getree het, en tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnissen is. 25
- (7) By die toepassing van subartikel (6)(a), sluit 'n finansiële belang nie 'n indirekte belang gehou in enige fonds of belegging in nie indien die persoon in daardie subartikel beoog, geen beheer oor die beleggingsbesluite van daardie fonds of belegging het nie. 30
- (8) 'n Lid van die Tribunaal moet die Minister onverwyld skriftelik inlig nadat hy of sy 'n belang verkry het wat 'n belang beoog in subartikel (6)(a) is of waarskynlik kan word. 35
- (9) 'n Lid van die Tribunaal moet nie—
- (a) by enige aktiwiteit betrokke raak wat die integriteit van die Tribunaal kan ondergrawe nie;
- (b) die verrigtinge van die Tribunaal bywoon, daaraan deelneem of dit beïnvloed nie indien daardie lid, in verband met die aangeleentheid voor die Tribunaal, 'n belang het— 40
(i) in subartikel (6)(a) beoog; of
(ii) wat daardie lid verhinder om die werksaamhede van 'n lid van die Tribunaal op 'n regverdige, onpartydige en behoorlike wyse te verrig; 45
- (c) privaat gebruik maak van, of wins maak uit, enige vertroulike inligting verkry as gevolg van die verrigting van daardie persoon se werksaamhede as 'n lid van die Tribunaal nie; of
- (d) enige inligting in paragraaf (c) bedoel aan 'n derde party bekend maak nie, behalwe waar daardie persoon se amptelike werksaamhede as 'n lid van die Tribunaal dit vereis. 50
- (10) Indien dit, te eniger tyd, vir 'n lid van die Tribunaal voorkom asof 'n aangeleentheid wat tydens verrigtinge deur die Tribunaal oorweeg word 'n belang in subartikel (9)(b) bedoel van daardie lid aangaan, moet daardie lid— 55
- (a) die aard van daardie belang onmiddellik en ten volle aan die teenwoordige lede bekend maak; en
- (b) van die verrigtinge onttrek sodat die oorblywende lede die aangeleentheid kan bespreek en bepaal of die lid verbied moet word om aan enige verdere verrigtinge aangaande daardie aangeleentheid, deel te neem. 60

(11) The disclosure by a member of the Tribunal in terms of subsection (10)(a), and the decision by the Tribunal in terms of subsection (10)(b), must be expressly recorded in the records of the proceedings in question.

(12) The proceedings of the Tribunal, and any decisions taken by a majority of the members present and entitled to participate in those decisions, are binding despite—

- (a) a member of the Tribunal failing to disclose an interest as required by subsection (10); or
- (b) a member of the Tribunal, having an interest, attending or participating in those proceedings.

Functions of Tribunal

29B. (1) The Tribunal may—

- (a) adjudicate on any matter brought to it by an infringer aggrieved by a decision taken by the representation officer in terms of this Act;
- (b) hear appeals against, or review, any decision of the representation officer that may in terms of this Act be referred to it; and
- (c) make any ruling or order necessary or incidental to the performance of its functions in terms of this Act.

(2) The appeal or review referred to in subsection (1)(b) must be lodged with the Tribunal within 30 days of receipt of the reasons for the decision, and lodged in the manner and on payment of fees, as prescribed by the Minister.

(3) The Tribunal may, on good cause shown, condone the late filing of an appeal or review.”.

Qualifications of members of Tribunal

29C. (1) The members of the Tribunal, viewed collectively—

- (a) must represent a broad cross-section of the population of the Republic; and
- (b) must comprise sufficient persons with legal qualifications and knowledge or experience in road traffic and road transport related matters.

(2) Each member of the Tribunal must—

- (a) be a citizen of South Africa, who is ordinarily resident in the Republic;
- (b) have suitable qualifications and experience in a field related to road traffic and transport legislation or any special skills, qualifications, expertise or experience in matters concerning legal, financial and economic matters; and
- (c) be committed to the purposes of this Act.

Conditions of appointment and terms of office of members

29D. (1) The Chairperson and any other member of the Tribunal must, for each day or part of a day in any month on which the duties attached to the office concerned were performed, be remunerated and paid a travelling and subsistence allowance, at such daily rate as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine from time to time.

(2) A member of the Tribunal holds office for a period of five years and is, on the expiration of such member’s term of office, eligible for reappointment by the President for one additional term only.

(3) The Chairperson, on one month’s written notice addressed to the Minister, may resign from the Tribunal.

(4) A member of the Tribunal may resign by giving at least one month’s notice to the Minister.

(5)(a) The other conditions of appointment will be as prescribed by the Minister.

(11) Die bekendmaking deur 'n lid van die Tribunaal ingevolge subartikel (10)(a), en die besluit deur die Tribunaal ingevolge subartikel (10)(b), moet uitdruklik in die oorkonde van die betrokke verrigtinge opgeneem word.

(12) Die verrigtinge van die Tribunaal, en enige besluite deur 'n meerderheid van die lede teenwoordig en geregtig op deelname aan daardie besluite, is bindend ondanks—

- (a) 'n lid van die Tribunaal se versuim om 'n belang bekend te maak soos deur subartikel (10) vereis; of
- (b) bywoning van of deelname deur 'n lid van die Tribunaal wat 'n belang het by daardie verrigtinge.

Werkzaamhede van Tribunaal

29B. (1) Die Tribunaal kan—

- (a) bereg oor enige aangeleentheid na die Tribunaal gebring deur 'n oortreder wat te na gekom voel deur 'n besluit ingevolge hierdie Wet deur die vertoë-beampte geneem;
- (b) appèlle aanhoor teen, of hersiening doen van, enige besluit van die vertoë-beampte wat ingevolge hierdie Wet na die Tribunaal verwys kan word; en
- (c) enige bevinding of bevel gee wat nodig of insidenteel is tot die verrigting van die Tribunaal se werkzaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) Die appèl of hersiening in subartikel (1)(b) bedoel, moet by die Tribunaal ingedien word binne 30 dae vanaf ontvangs van die redes vir die besluit, en ingedien word op die wyse en by die betaling van gelde soos deur die Minister voorgeskryf.

(3) Die Tribunaal kan, by die aanvoer van goeie gronde, die laat indiening van 'n appèl of hersiening kondoneer.

Kwalifikasies van lede van Tribunaal

29C. (1) Die lede van die Tribunaal, gesamentlik gesien—

- (a) moet 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek verteenwoordig; en
- (b) moet uit genoeg persone met regskwalifikasies en kennis of ervaring in padverkeer- en padvervoerwante aangeleenthede bestaan.

(2) Elke lid van die Tribunaal moet—

- (a) 'n burger van Suid-Afrika, wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is, wees;
- (b) beskik oor gepaste kwalifikasies en ervaring in 'n veld wat verband hou met padverkeerswetgewing en vervoerwetgewing of moet enige spesiale vaardighede, kwalifikasies, kundigheid of ervaring in aangeleenthede aangaande regs-, finansiële en ekonomiese aangeleenthede hê; en
- (c) tot die doeleindes van hierdie Wet verbind wees.

Aanstellingsvoorwaardes en ampstermyne van lede

29D. (1) Die voorsitter en enige ander lid van die Tribunaal moet, vir elke dag of deel van 'n dag in enige maand waarop die pligte verbonde aan die betrokke amp verrig is, vergoed word en 'n reis- en verblyftoelae betaal word, teen die daaglikse tarief wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies van tyd tot tyd bepaal.

(2) 'n Lid van die Tribunaal beklee die amp vir 'n tydperk van vyf jaar en is, by die verstryking van sodanige lid se ampstermyne, heraanstelbaar deur die President vir slegs een bykomende termyn.

(3) Die voorsitter kan, met een maand skriftelike kennisgewing aan die Minister, uit die Tribunaal bedank.

(4) 'n Lid van die Tribunaal kan bedank deur ten minste een maand kennis aan die Minister te gee.

(5) (a) Die ander aanstellingsvoorwaardes sal deur die Minister voorgeskryf word.

(b) Different categories of appointment may be prescribed in respect of different categories of members.

Vacancies in Tribunal

29E. (1) A member of the Tribunal vacates office—

- (a) if the member becomes subject to any disqualification referred to in section 29A(6); and 5
 (b) in the case where the member has resigned by giving one month's notice in writing to the Minister, when the member's resignation takes effect. 10

(2) The President, on the recommendation of the Minister, may remove any member of the Tribunal from office— 10

- (a) for misconduct;
 (b) for failing to perform the duties of a member or to perform such duties diligently and efficiently; or
 (c) if the member, because of any physical or mental illness or disability, has become incapable of performing a member's duties or performing the duties diligently and efficiently. 15

(3)(a) Any vacancy in the office of the Tribunal must be filled by the President through the appointment of another member in terms of section 29A within 90 days of the vacancy occurring. 20

(b) A member so appointed holds office for the unexpired portion of the predecessor's term of office.

Deputy Chairperson of Tribunal

29F. (1) The President must designate a member of the Tribunal as Deputy Chairperson of the Tribunal. 25

(2) The Deputy Chairperson performs the functions of Chairperson whenever—

- (a) the office of Chairperson is vacant; or
 (b) the Chairperson is for any other reason temporarily unable to perform those functions. 30

Sittings of Tribunal

29G. (1) The Tribunal must sit on such days and during such hours and at such a place as the Chairperson may determine.

(2) The presence of at least 50 per cent plus one of the members shall be necessary to constitute a sitting of the Tribunal. 35

(3) If both the Chairperson and the Deputy Chairperson are absent from a sitting of the Tribunal, the members present must from among their number elect a person to preside at the sitting.

(4) The Chairperson may for the purposes of hearing an appeal or reviewing a decision— 40

- (a) summon any person who may give material information concerning the subject matter of the hearing or who has in his or her possession or custody or under his or her control any document which has any bearing upon the subject of the hearing, to appear before him or her at a time and place specified in the summons, to be interrogated or to produce that document, and the Chairperson may retain for examination any document so produced; 45
 (b) administer an oath or affirmation from any person called as a witness at the hearing; and
 (c) call any person present at the hearing as a witness and interrogate him or her and require him or her to produce any document in his or her possession or custody or under his or her control, which has a bearing on the subject matter of the hearing. 50

(b) Verskillende kategorieë van aanstelling kan ten opsigte van verskillende kategorieë lede voorgeskryf word.

Vakatures op Tribunaal

29E. (1) 'n Lid van die Tribunaal ontruim die amp—

(a) indien die lid aan enige onbevoegdheid in artikel 29A(6) bedoel, onderhewig raak; en 5

(b) in die geval waar die lid bedank het deur een maand skriftelik kennis aan die Minister te gee, wanneer die lid se bedanking van krag word.

(2) Die President, op aanbeveling van die Minister, kan enige lid van die Tribunaal uit die amp verwyder— 10

(a) vir wangedrag;

(b) vir versuim om die pligte van 'n lid te verrig of vir versuim om sodanige pligte ywerig en doeltreffend te verrig; of

(c) indien die lid, weens enige fisieke of verstandelike ongesteldheid of gebrek, nie meer in staat is om 'n lid se pligte te verrig of die pligte ywerig en doeltreffend te verrig nie. 15

(3) (a) Enige vakature in die kantoor van die Tribunaal moet deur die President gevul word deur die aanstelling van nog 'n lid ingevolge artikel 29A binne 90 dae vanaf die ontstaan van die vakature.

(b) 'n Aldus aangestelde lid beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die voorganger se ampstermyn. 20

Ondervoorsitter van Tribunaal

29F. (1) Die President moet 'n lid van die Tribunaal as ondervoorsitter van die Tribunaal aanwys.

(2) Die ondervoorsitter verrig die werksaamhede van die voorsitter wanneer— 25

(a) die amp van voorsitter vakant is; of

(b) die voorsitter om een of ander rede tydelik nie daardie werksaamhede kan verrig nie.

Sittings van Tribunaal

29G. (1) Die Tribunaal moet sit op sodanige dae en tydens sodanige ure en by sodanige plek wat die Voorsitter bepaal.

(2) Die teenwoordigheid van ten minste 50 persent plus een van die lede is nodig om 'n sitting van die Tribunaal daar te stel.

(3) Indien beide die Voorsitter en die Ondervoorsitter van 'n sitting van die Tribunaal afwesig is, moet die lede teenwoordig 'n persoon uit eie geledere verkies om by die sitting voor te sit. 35

(4) Die Voorsitter kan vir die doeleindes van die aanhoor van 'n appèl of die hersiening van 'n besluit—

(a) enigiemand wat deurslaggewende inligting aangaande die onderwerp van die verhoor kan gee of wat in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer enige dokument het wat enige strekking het op die onderwerp van die verhoor, dagvaar om voor die Tribunaal te verskyn by 'n tyd en plek in die dagvaarding gespesifiseer, om ondervra te word of om daardie dokument te verstrek, en die voorsitter kan enige aldus verstrekte dokument vir ondersoek behou; 40

(b) 'n eed of bevestiging van enigiemand wat as getuie by die verhoor geroep is, afneem; en

(c) enigiemand by die verhoor teenwoordig as 'n getuie, roep en hom of haar ondervra en vereis dat hy of sy enige dokument in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer, wat op die onderwerp van die verhoor strekking het, verstrek. 45 50

Decisions of Tribunal

29H. (1) The Tribunal may confirm, vary or set aside any decision against which an appeal or review has been lodged in terms of section 29B.

(2) The decision of a majority of the members present at a sitting of the Tribunal constitutes a decision of the Tribunal, and in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the sitting must have a casting vote in addition to that person's deliberative vote.

5

Appeals and Reviews

29I. (1) Any person affected by a decision of the Tribunal may—

(a) apply to a Magistrate's Court designated by the Minister in terms of the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act No. 3 of 2000), to review that decision; or

10

(b) appeal to a Magistrate's Court against the decision of the Tribunal.

(2) An appeal or review against the decision of the Tribunal must be lodged with the relevant Magistrate's Court within 30 days of the decision of the Tribunal."

15

Administrative work of Tribunal

29J. The administrative work of the Tribunal must be performed by employees designated for that purpose by the Registrar."

Amendment of section 30 of Act 46 of 1998, as substituted by section 3 of Act 22 of 1999

17. Section 30 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any document required to be served on an infringer in terms of this Act[,] must be served on the infringer [**personally or sent by registered mail to his or her last known address**] by—

25

(a) personal service;

(b) postage; or

(c) electronic service."; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

30

"(2) A document which is sent [**by registered mail**] in terms of subsection (1), is [**regarded**] deemed to have been served on the infringer on the tenth day [**after the date which is stamped upon the receipt issued by the post office which accepted the document for registration**] after posting the said document or of the electronic service, and such electronic service reflected in the National Road Traffic Offences Register, unless evidence to the contrary is adduced, which evidence may be in the form of an affidavit."

35

Amendment of section 31 of Act 46 of 1998

18. Section 31 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) [**The**] Subject to section 18(1)(b), the laws on prescription are not applicable to penalties and fees payable in terms of this Act, and may be collected at any time."

Beslissings van Tribunaal

29H. (1) Die Tribunaal kan enige beslissing waarteen 'n appèl of hersiening ingevolge artikel 29B ingedien is, bekragtig, verander of tersyde stel.

(2) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede teenwoordig by 'n sitting van die Tribunaal stel 'n beslissing van die Tribunaal daar, en in die geval van 'n staking van stemme in enige aangeleentheid, moet die persoon wat by die sitting voorsit 'n beslissende stem benewens daardie persoon se beraadslagende stem hê.

Appèlle en hersienings

29I. (1) Enige persoon deur 'n beslissing van die Tribunaal geraak, kan—

(a) by 'n Landdroshof deur die Minister ingevolge die 'Promotion of Administrative Justice Act', 2000 (Wet No. 3 van 2000), aangewys, aansoek doen om hersiening van daardie beslissing; of

(b) by 'n Landdroshof appelleer teen die beslissing van die Tribunaal.

(2) 'n Appèl of hersiening teen die beslissing van die Tribunaal moet ingedien word by die tersaaklike Landdroshof binne 30 dae vanaf die beslissing van die Tribunaal.

Administratiewe werk van Tribunaal

29J. Die administratiewe werk van die Tribunaal moet verrig word deur werknemers vir daardie doel deur die Registrateur aangewys.”.

Wysiging van artikel 30 van Wet 46 van 1998, soos vervang by artikel 3 van Wet 22 van 1999

17. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Enige dokument wat ingevolge hierdie Wet op 'n oortreder beteken moet word, moet op die oortreder [**persoonlik**] beteken word [**of per geregistreerde pos na sy of haar jongste bekende adres gestuur word**]

(a) deur persoonlike betekening;

(b) per pos; of

(c) per elektroniese betekening.”; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) 'n Dokument wat ingevolge subartikel (1) [**per geregistreerde pos**] gestuur word, word [**beskou om**] geag op die oortreder beteken te wees op die tiende dag [**na die datum wat gestempel is op die kwitansie wat uitgereik is deur die poskantoor wat die dokument vir registrasie aanvaar het**] na die pos van genoemde dokument of van die elektroniese betekening, welke elektroniese betekening in die Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe weergegee word, tensy getuienis tot die teendeel, wat in die vorm van 'n beëdigde verklaring kan wees, aangevoer word.”.

Wysiging van artikel 31 van Wet 46 van 1998

18. Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) [**Die**] Behoudens artikel 18(1)(b), is die wette oor verjaring [**is**] nie van toepassing op boetes nie, en hierdie boetes kan te eniger tyd ingevorder word.”.

Substitution of section 32 of Act 46 of 1998, as amended by section 21 of Act 72 of 2002

19. The following section is hereby substituted for section 32 of the principal Act:

“Apportionment of penalties and fees

32. (1) Any penalty received by the Authority in terms of this Act must, as prescribed, be paid over to the issuing authority that issued the infringement notice, after deduction of an amount equal to the discount contemplated in section 17(1)(d). 5

(2) Any prescribed fees contemplated in section 13(1)(dA) collected by an issuing authority in terms of this Act must, as prescribed, be paid to the Authority. 10

(3) Despite any other law, any penalties and fees received in respect of any conviction under the applicable road traffic and transport legislation must be disbursed as prescribed.”.

Amendment of section 34 of Act 46 of 1998 15

20. Section 34 of the principal Act is hereby amended by the deletion of the word “and” at the end of paragraph (f), the insertion of the word “and” at the end of paragraph (g), the deletion of the full-stop at the end of paragraph (g), and the addition of the following paragraph:

“(h) the manner in which an infringement notice, courtesy letter or enforcement order may be reissued.” 20

Amendment of section 35 of Act 46 of 1998

21. Section 35 of the principal Act is hereby amended by substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Any notice issued in terms of section 56 or 341 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), before the date of commencement of section 17, may be continued and finalised under that Act, but no such notice may be issued after that date in respect of an [offence or] infringement.”. 25

Substitution of certain words and expressions

22. The principal Act is hereby amended— 30

- (a) by the substitution for the expressions “Agency” and “agency”, wherever they occur, of the expression “Authority”;
- (b) by the substitution for the expressions “major infringement” and “minor infringement”, wherever they occur, of the expression “infringement”;
- (c) by the substitution for the expression “AGENCY”, wherever it occurs, of the expression “AUTHORITY”;
- (d) by the substitution for the expression “national contraventions register”, wherever it occurs, of the expression “National Road Traffic Offences Register; and
- (e) by the substitution for the expression “board”, wherever it occurs, of the expression “Board”. 40

Short title and commencement

23. This Act is called the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Amendment Act, 2019, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*. 45

Vervanging van artikel 32 van Wet 46 van 1998, soos gewysig in die Engelse teks by artikel 21 van Wet 72 van 2002

19. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toedeling van boetes en gelde”

32. (1) Enige boete ontvang deur die Owerheid ingevolge hierdie Wet, moet, soos voorgeskryf, oorbetaal word aan die uitreikingsgesag wat die oortredingskennisgewing uitgereik het, ná aftrekking van ’n bedrag wat gelyk is aan die korting beoog in artikel 17(1)(d). 5

(2) Enige voorgeskrewe boetes of gelde beoog in artikel 13(1)(dA), wat ingevolge hierdie Wet deur of namens die uitreikingsgesag ingevorder word, moet, soos voorgeskryf, aan die Owerheid oorbetaal word. 10

(3) Ondanks enige ander wet moet enige boetes en gelde ontvang ten opsigte van ’n skuldigbevinding kragtens die toepaslike padverkeerswetgewing en vervoerwetgewing, uitbetaal word soos voorgeskryf.”

Wysiging van artikel 34 van Wet 46 van 1998

15

20. Artikel 34 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord “en” aan die einde van paragraaf (f) te skrap, die woord “en” aan die einde van paragraaf (g) in te voeg, die punt aan die einde van paragraaf (g) te skrap, en die volgende paragraaf by te voeg:

“(h) die wyse waarop ’n oortredingskennisgewing, hoflikheidsbrief of dwangbevel heruitgereik kan word.” 20

Wysiging van artikel 35 van Wet 46 van 1998

21. Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Enige kennisgewing wat voor die datum van inwerkingtreding van artikel 17 ingevolge artikel 56 of 341 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), uitgereik is, kan kragtens daardie Wet voortgesit en afgehandel word, maar geen sodanige kennisgewing mag na daardie datum ten opsigte van ’n [misdryf of ’n] oortreding uitgereik word nie.” 25

Vervanging van sekere woorde en uitdrukkings

30

22. Die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur die uitdrukking “Agentskap” en “agentskap”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “Owerheid” te vervang;
- (b) deur die uitdrukkings “groter oortreding” en “kleiner oortreding”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “oortreding” te vervang; 35
- (c) deur die uitdrukking “AGENTSKAP”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “OWERHEID” te vervang;
- (d) deur die uitdrukking “nasionale oortredingsregister”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “Nasionale Register van Padverkeersmisdrywe” te vervang; en 40
- (e) deur die uitdrukking “raad”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “Raad” te vervang.

Kort titel en inwerkingtreding

23. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 2019, en tree in werking op ’n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. 45

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065